

Intelex®

'n Kixor oplossing

BASF se nuutste rewolusie in vooropkoms-onkruidodders vir mielies.

 **BASF**

We create chemistry

Intelex®, 'n **Kixor®** oplossing, is **BASF** se nuutste vooropkoms-onkruidodder vir die beheer van grasse en breëblaaronkruid in mielies.

Intelex® is 'n uitstekende vooropkoms-oplossing wat die volgende bied:

- Nawerkende werkverrigting
- Geskik vir konvensionele en GMO-mielies
- 'n Vooropkoms-oplossing in slegs een bottel – hoef nie saam met produkte soos mesotrioon of atrasien gemeng te word nie
- Hou geen risiko in vir die volgende seisoen se opvolggewasse nie

NOU!
GAAN ONS BOER™

Intelex®, 'n Kixor® oplossing - BASF se nuutste rewolusie in vooropkoms-onkruidodders vir mielies.

'n Hoogs doeltreffende, vooropkoms-onkruidodder om hardnekkige en weerstandige onkruid te beheer

Kixor® is 'n nuwe metode van werking in mielies en sal produsente help om weerstandige onkruid te beheer. **Kixor®** is 'n HRAC groep-E chemie en is die eerste van sy soort in Suid-Afrikaanse mielies. **Intelex®** is geregistreer vir die beheer van hardnekkige onkruid:

- Kankerros - *Xanthium strumarium**
- Groot stinkblaar - *Datura ferox**
- Purperwinde - *Ipomea purpurea*
- Bengaalse wandelende jood - *Commelina benghalensis**
- Kakiebos - *Tagetes minuta*

* Die beheer van hierdie onkruid is wisselvallig weens verskillende ontkiemingsdieptes.

Nawerking

Produsente kan onder normale toestande 'n goeie nawerking van **Intelex®** verwag. Hierdie nawerking gee aan produsente 'n groter venster vir die na-opkoms toediening om plaas te vind en het dus die potensiaal om die hoeveelheid aktiewe bestanddele wat nodig is vir na-opkoms toediening, te verminder.

Gemoedsrus

Intelex® is 'n enkelbottel-oplossing. Mesotrioon of atrasiën hoef nie bygevoeg te word nie. Dit hou ook geen risiko in vir opvolggewasse soos sojabone, koring en ander peulgewasse nie.

Geskik vir alle gewasstelsels

Intelex® is 'n ideale vooropkoms-oplossing vir konvensionele en GMO-mieliegewasse. In geenbewerkingstelsels sal **Intelex®** beter presteer as die meeste ander konvensionele vooropkoms-oplossings.

Tabel 1: Beheer van grasse

Die volgende grasspesies word gewoonlik teen die voorgeskrewe dosisse deur 'n vooropkoms-toediening van **Intelex®** beheer:

WETENSKAPLIKE NAAM	GEWONE NAAM	WETENSKAPLIKE NAAM	GEWONE NAAM
<i>Brachiaria eruciformis</i>	Litjesinjalgras	<i>Panicum maximum</i>	Gewone buffelsgras
<i>Digitaria ciliaris</i>	Tropiese vingergras	<i>Panicum schinzii</i>	Soet buffelsgras
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras	<i>Setaria pallidifusca</i>	Rooi borselgras
<i>Echinochloa crusgalli</i>	Hanepootmanna	<i>Setaria verticillata</i>	Klitsborselgras
<i>Eleusine corocana</i>	Jongosgras	<i>Urochloa panicoides</i>	Beesgras

Tabel 2: Beheer van breëblaaronkruid

Die volgende breëblaaronkruidspesies word gewoonlik teen die voorgeskrewe dosisse deur 'n vooropkoms-toediening van **Intelex®** beheer:

WETENSKAPLIKE NAAM	GEWONE NAAM	WETENSKAPLIKE NAAM	GEWONE NAAM
<i>Amaranthus hybridus</i>	Gewone misbredie	<i>Ipomea purpurea</i>	Purperwinde
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Roomisbredie	<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
<i>Bidens pilosa</i>	Gewone knapsekêrel	<i>Richardia brasiliensis</i>	Tropiese richardia
<i>Cleome monophylla</i>	Rusperbossie	<i>Schkuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos
¹ <i>Commelina benghalensis</i>	Bengaalse wandelende jood	<i>Tagetes minuta</i>	Kakiebos
<i>Crotalaria sphaerocarpa</i>	Mielie-crotalaria	¹ <i>Xanthium strumarium</i>	Kankerros
¹ <i>Datura ferox</i>	Groot stinkblaar		

¹ Die beheer van hierdie onkruid is wisselvallig. Laat- en diepontkiemende onkruid sal nie doeltreffend beheer word nie.

Tabel 3: Onderdrukking van die volgende onkruid

WETENSKAPLIKE NAAM	GEWONE NAAM
<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie

Beheer van geeluintjies kan verbeter word mits aan die volgende voorwaardes voldoen word:

- Daar moet net voor plant deeglik met 'n skaarploeg geploeg word.
- 'n Fyn, gelyk en ferm saadbed moet voorberei word.
- Na toediening moet daar ten minste 10 – 15 mm sagte deurdringende reën (of besproeiing) plaasvind om die onkruidodder in die grond in te spoel voor die ontkieming van geeluintjies (gewoonlik 7 – 10 dae na ploeg). Daar is meer reën op swaar grond nodig om goeie resultate te verkry. Onvoldoende vog is dikwels die rede waarom swak beheer op turfgrond ervaar word.
- Wanneer in vogtige grond geplant word, moet toediening van **Intelex®** onmiddellik na plant plaasvind om die aktivering van die onkruidodder te verseker voordat geeluintjies ontkiem.
- Wanneer in droë grond geplant word (onvoldoende vog vir geeluintjie-ontkieming) **moet toediening so na as moontlik aan, maar beslis voor die eerste reën, plaasvind.**

Ander plantspesies wat nie teenwoordig was tydens die ontwikkelingsproewe met **Intelex®** nie, kan ook tot 'n sekere mate beheer word. Die registrasiehouer is nie aanspreeklik vir enige ongelyste plantspesies nie.

Vir meer inligting besoek die
BASF Landbouoplossingswebblad
www.agro.basf.co.za